

REFORMASIE 500 (Artikel 12): 'VOLGENS DIE TOETSSTEEN VAN DIE EVANGELIE ...'

Op ons historiese reis na die begin van die Re-formasie het ons heelwat tyd saam met Martin Luther deurgebring. Ons reis neem ons nou verder om **ander belangrike figure** te ontmoet. **PHI-LIPPUS MELANCHTON** kom eerste aan die beurt.

Ná Luther se dood in 1546 het Melanchton die leier-skap van die Reformasie in Duitsland oorgeneem. Hoewel minder bekend as Luther, Zwingli en Calvyn het Melanchton 'n onmisbare bydrae tot die voortgang van die Reformasie gemaak. Sy bekende woorde: **"Ons sal alles beoordeel volgens die toetssteen van die evangelie en die vuur van Paulus,"** toon duidelik aan waar hy homself teologies bevind het.

Melanchton, wat aanvanklik in Tübingen Grieks do-seer het, het Luther in 1518 in Wittenberg ontmoet. Die ontmoeting het van Melanchton die humanis, Melanchton die hervormer gemaak.

Tydens Luther se ballingskap in die kasteel in Wartburg, was dit Melanchton wat hom verteenwoordig en verdedig het. Volgens sommige historici het Melanchton se "gawe van logiese denke en wye kennis van die geskiedenis" hom selfs 'n groter rolspeler as Luther in die voortgang van die Reformasie gemaak.

In 1521 het *Loci Communes (Common places)* uit die pen van Melanchton verskyn. Dit was die eerste boek wat die **beginsels van die Reformasie** duidelik uit-eengesit het. Melanchton se belangrikste bydrae was en is egter steeds die **Belydenis van Augsburg** wat in 1530 gepubliseer is.

Te midde van politieke chaos in Duitsland waar hervormingsgesindes en diegene wat pro-Katoliek was teenoor mekaar stelling ingeneem het, het die hervormers hulle geloofsverklaring by die Ryksdag van Augsburg in 1530 ingedien. Dit was 'n versoenende nie-konfronterende uiteen-set-ting van die leer van die Reformasie sonder dat die hart van die Reformasie prysgegee is.

Die belydenis het dit duidelik gestel dat **"die nuwe lewe in Christus goeie werke tot gevolg het maar dat goeie werke van gelowiges geen bydrae tot hulle verlossing maak nie"**. Die bekende woorde van Luther dat **"goeie dade nie van jou 'n goeie mens maak nie, maar dat goeie men-se goeie dade doen"**, is duidelik hierin terug te vind.

Hoewel die Belydenis van Augsburg die eenheid van Luther se volgelinge met Rome wou beklemtoon, het dit ook die fundamentele teologiese verskille tussen Rome en die Hervormers uitgewys. **Wat in 1517 as 'n protes teen die aflatstelsel begin het, het die fondament geword vir 'n nuwe Evangeliese kerk in Duitsland.** Dit sou egter ook lei tot 'n bloedige oorlog tussen die Hervormers en die Katolieke wat kort na Luther se dood in 1546 uitbreek het.

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).



JAARTEMA:
Sáám volg ons Christus

April 2018

LYDENSTYD

Liewe Lidmaat

Vanjaar het ons as Leraarspan gepoog om iets meer van Lydenstyd te maak. Daarom dat ons spesifiek in die prediking by Markus 14 -16 stilgestaan het, en verskillende kleure vir simboliek in die kerkgebou gebruik het.



Maar wat behels Lydenstyd, en waarvoor staan die kleure wat gebruik word?

Lydenstyd is die 40 weksdae en sewe Sondae wat die Paasfeesweek (30 Maart – 1 April 2018) voorafgaan. Hierdie jaar het Lydenstyd op 14 Feb begin (in die Kerklike Jaar-indeling word hierdie dag, wat die begin van die veertig dae inlei, "Aswoensdag" genoem).

Lydenstyd eindig op die Saterdag voor Paassondag / Opstanding-Sondag. Dit word Stilsaterdag genoem (vanjaar is dit op 31 Maart).

In die vroeë kerk was die Sondag voor Paassondag 'n vasdag en 'n dag van boetedoening. Daarvan het die gebruik in die destydse kerk gekom om die veertig dae voor Paasfees as 'n tyd van vas, stilword en verootmoediging te gebruik. Op Sondae was die vas onderbreek om Jesus se opstanding te vier.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Met die Hervorming het die fokus - in die Gereformeerde tradisie – verskuif van boetedoening na **GOD SE GENADE EN 'N LEWE VAN DANKBAARHEID** wat daaruit voortvloei. In ons dankbaarheid kyk ons ook na ander wat in nood en lyding verkeer en raak ons betrokke by hulle om hulle nood te verlig.

Die hele Lydenstyd is 'n tyd van *selfondersoek, skuldbelydenis, gebed (met of sonder vas) en diens aan ander*. Dis 'n tyd van **(her)toewyding aan die Here**. Dit is 'n tyd om nóg meer as gewoonlik die Bybel te lees en te oordink. **Deur dit alles berei ons voor vir Paasfees, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is.**

SIMBOLE EN KLEURE AS SIMBOLE VIR LYDENSTYD:

Die belangrikste simbool is die **kruis**. Ander simbole wat gebruik kan word is spykers, 'n doringkroon, 'n sweep, 'n pers kleed en 'n groot wit kers met 'n doringkroon daarom gedraai.

Pers en grys is die kleure wat in Lydenstyd gebruik word (pers dui op Koningskap). In die week voor die Paasnaweek word **rooi** as kleur bygevoeg met die oog op Goeie Vrydag, die dag waarop Jesus se bloed vir ons gevloei het. Op Goeie Vrydag word die rooi steeds gebruik, maar **swart** word bygevoeg gedagtig aan die sterwe van Jesus. Swart is ook die kleur ten opsigte van Stilsaterdag (Jesus in die graf).

Vanaf Opstandingsondag word **wit en goud - die kleure van reinheid en oorwinning** - tot by Hemelvaart (vanjaar is dit op Donderdag 10 Mei) gebruik.

Liewe Lidmaat, ek vertrou dat hierdie skrywe meer lig vir u werp op waaroor Lydenstyd eintlik gaan: dat ons deur die hele Lydenstyd ons eintlik voorberei vir Paasfees, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is.

Groete

Ds Leon TaiT



Like ons Facebook blad by:
[facebook.com/rietfontein.suid.jeug/](https://www.facebook.com/rietfontein.suid.jeug/)

BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



KERKBASAAR & GRILGROT 10 MAART 2018

Die hoogtepunt van die Basaar (vir die Jeug) was die Grilgrot, natuurlik. Die Jeug het hulself oortref met die organiseer, opstel, opruim en skrikmaak van oud tot jonk.

Die Jeug-Taakspan is baie trots op die Grilgrotspan. Hulle het hulle taak ernstig opgeneem, goed saam gewerk en omtrent al die werk self gedoen in rekord tyd. Hulle het so te sê gedeurnag Vrydagaand om alles reg te kry en hulle was ook die laastes wat Saterdagmiddag huis toe is.

Die res van die Basaar was net so lekker en gesellig met heerlike smul- en drinkgoed, kuier en speletjies.



---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **7 April:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **10 April:** Skole Open
- ♦ **22 April:** Gemeente-tee om 10:30 & Youthbash om 18:00
- ♦ **27 April:** Vakansiedag (Vryheidsdag)
- ♦ **30 April:** Skoolvakansiedag
- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag (Werkersdag)
- ♦ **5 Mei:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **10 Mei:** Hemelvaartdag
- ♦ **13 Mei:** Moedersdag (Kinders woon oggenddiens by)
- ♦ **20 Mei:** Nagmaal en Pinksteroffer om 9:00
- ♦ **27 Mei:** Youthbash om 18:00

Sien jou daar!



Die seën van positiewe denke

Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.

Spreuke 16:24

'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput.


Spreuke 17:22

LIDMAAT-BEDIENING

Baie geluk en welkom aan die nuwe belydende-lidmate -
11 Maart 2018



Herman de Bruyn



Adriaan Pretorius



Nerine du Plessis



Megan Wieruszowski



Suzaan Eliza Grimes



Ruan Tait

OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer. Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!



© As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

© Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.